Die Hoërskool Wonderboom

Voortrekkersweg 1050
Wonderboom-Suid
Pretoria 0084
Tel: (012) 335-6806
Fax: (012) 335-6587
Web: www.wonnies.co.za
E-pos: hswb@wonnies.co.za

GROEI en DIEN

# Wonnie-nuus

Algemene nuusbrief: 30 Augustus 2019

## 1. LEERDERDEELNAME EN -PRESTASIES

**Jukskei:**



Baie geluk aan die Jukskei met hul pragprestasies:
0/19 A (Seuns) wen teen Hoërskool Zwartkop.
0/19 B (Seuns) wen teen HTS Tuine, HTS John-Vorster en Hoërskool Hartbeespoort.
0/19 A (Dogters) wen teen HTS Tuine.
0/16 A (Dogters) wen teen Hoërskool Akasia en Hoërskool Hartbeespoort.
0/14 B (Dogters) wen teen Hoërskool FH Odendaal.
Die Gemengde Span wen teen Hoërskool Montana.

**7's Rugby:**

Baie geluk aan die Junior 7's Rugbyspan wat tydens die Sutherland 7's toernooi met 21-12 gewen het teen Hoërskool Dinamika en ook 'n 19-5 sege behaal het teen Hoërskool Overkruin.

**Sagtebal:**

Die Sagtebalseisoen is voluit aan die gang. Die 0/15 A span speel gelykop teen Afrikaans Hoër Meisieskool terwyl die Eerste Span ongelukkig 6-2 verloor.

**Skoonheid:**

Die Wonnies spog met die pragtigste dames! Karike Lourens (Mej. Wonnie 2019) word gekroon as die Eerste Prinses tydens die Young Miss Intercontinental SA 2019 kompetisie. Baie geluk!

**Landloop:**

Baie geluk aan Reece Kruger. Hy is verkies tot die Gauteng Noord Landloop Skolespan en neem op 7 September aan die S.A.-kampioenskappe deel.

**Krieket:**

Die krieketseisoen is ook aan die gang. Baie geluk aan die 0/14 krieketspan wat met 10 paaltjies teen die Hoërskool Overkruin wen.

## 2. GEBRUIK VAN DIE GIMNASIUM:



Die Gimnasium op die skoolterrein is oop op Maandae tot Vrydae (06:20-. 07:15) en in die middae vanaf 14:00-16:00. Daar is 'n goedgekeurde skoolprogram vir leerders wie van die gimnasium gebruik wil maak. Leerders kan toestemming kry by Mnr Jimmy Janse van Rensburg om van die fasiliteit gebruik te maak.

## 3. SOMERSDRAG:

Die dra van somersdrag neem in aanvang op 1 September. Graag wil ons u as ouers vra om nou al na u kind se voorkoms te kyk, sodat die somersdrag korrek kan wees. Verskeie leerders het aansienlik gegroei en klere pas nie meer nie. Kyk gerus na die skooldragvoorskrifte soos dit in die leerder se dagboek uiteengesit is.

## 4. MIDMAR-MYL:

Die Wonnies gaan weer in September aan die Midmar-myl deelneem. Ons vertrek op Vrydag, 7 Februarie 2020 en keer op Sondag, 9 Februarie 2020, terug. Dit vind plaas by die Midmardam in Howick (Kwazulu-Natal). Vir verdere navrae kontak gerus me. E Hornby.




## 5. SKOOLGELDE:

Graag wil ons dit op ons ouers se harte druk om hul verpligtinge rakende skoolgelde na te kom. Die skool se lopende uitgawes bly konstant en die uitgawes kan slegs met u hulp vereffen word. Die bankbesonderhede van die skool is soos volg:

ABSA-Bank
Tjekrekening nr: 090390120
Takkode: 632005
Kontak gerus die finansiële kantoor vir enige navrae.

## 6. LAAT VIR SKOOL:



Let asseblief daarop dat die skoolure duidelik op die skool se webblad aangedui word as **7:25-14:00**. Verskeie leerders kom daagliks laat. Tref asseblief die nodige reëlings om betyds by die skool te wees.



M LEZAR
SKOOLHOOF